Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

Die Hoërskool Wonderboom

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 10 Mei 2019

## 1. UITSLAE:

**Tafeltennis:**

Die Tafeltennis gaan van krag-tot-krag. Baie geluk aan die A-span wat 24-6 wen teen die Hoërskool Zwartkop, terwyl die B-span gelykop speel.

**Tennis:**

Die Senior Tennis Seuns vaar ook pragtig. Hulle wen 41-26 teen die Hoërskool Hartbeespoort.

**Hokkie:**

Die Hokkie het kragte gemeet teen die Hoërskool Erasmus. Die volgende spanne vaar werklik goed:
0/16 A-span wen 2-0; die Tweede Span speel gelykop 0-0 en die Eerste verloor naelskraap met 2-1.







**Dans:**

Baie geluk aan Danel van Tonder: Sy verwerf 'n 2de plek in haar Lyrical Solo-, sowel as haar Jazz-item tydens die World Lyrical Dance Federation se kompetisie.

## 2. MY SCHOOL-KAARTE:

Graag herinner ons ouers daaraan om hul *MySchool-* kaarte te gebruik. Maak ook seker dat dié kaart aan Die Hoërskool Wonderboom as begunstigde gekoppel is. Dit verseker dat die skool 'n gedeelte van die geld wat ouers spandeer, ontvang. Besoek gerus www.myschool.co.za indien u aansoek wil doen vir 'n kaart of u begunstigde wil verander.

MySchool
MySchool MyVillage MyPlanet

## 3. JUNIE-EKSAMEN

**GRAAD 10-12:** Die Graad10-12 Junie-eksamen begin op **20 Mei 2019**.

**GRAAD 8-9:** Die Graad 8-9 leerders het nog daagliks skool tot 24 Mei 2019, waarna hul eksamen op **27 Mei 2019** in aanvang neem. Alle Graad 8- en 9-leerders is daagliks by die skool en skryf aan die einde van die sessie eksamen.

Die eksamenrooster is ook aan elke leerder uitgegee, tesame met die eksamenreëls. Besoek gerus die skool se webwerf by www.wonnies.co.za om die rooster en reëls te bestudeer. Let daarop dat indien leerders afwesig is tydens die eksamen, 'n doktersbrief ingehandig moet word, wat die leerder toelating tot 'n siekte-eksamen gee. Indien die leerder nie 'n doktersbrief inhandig en daarna die siekte-eksamen aflê nie, sal die leerder 'n 0-punt vir die eksamen ontvang.

**3. WINTERSDRAG:**

Die verandering van seisoene bring ook die verandering van somersdrag na wintersdrag mee. Maak asseblief seker dat alle leerders die korrekte wintersdrag dra. Dasse is verpligtend tydens die winter. Kleurbaadjies ("Blazers") is ook verpligte skooldrag vir alle Graad 8-leerders – geen sweetpakbaadjies nie. Die sweetpakbaadjie word uitgefaseer. Indien 'n leerder enige hulp rakende klere benodig, besoek gerus die klerebank. Kyk gerus na die korrekte kleredrag, soos hieronder uiteengesit is:







**5. GRAAD 8 VAN 2020 - INSKRYWINGS**:

Die aanlyn-inskrywings vir Graad 8 van 2020 open op **13 Mei 2019 om 8:00**. Besoek die webwerf www.gdeadmissions.gov.za om aanlyn aansoek te doen. Aansoeke kan deur die ouers self aanlyn gedoen word of ingegee word by die skool, wat dit dan vir u aanlyn sal voltooi.




**6. SKOOKOOR**

Ons is baie trots op ons skoolkoor wat die afgelope naweek die voorreg gehad het om as gaskoor op te tree by vier opnames van *Sing in Harmonie: Seisoen 10.* Die episodes word ook later vanjaar op KykNet Nou uitgesaai.

**7. MNR & MEJ WONNIE**

Na 'n glansgeleentheid is die volgende Wonnies as die skoonhede vir 2019 aangewys:

Mej Wonnie: Karike Lourens
Eerste Prinses: Tiisetso Thibiri
Tweede Prinses: Chardé Vermaak
Mej Young and Upcoming: Chardé Vermaak
Mej Fotogenies: Raydine Jones
Mej Persoonlikheid: Anzé Vorster
Debutant: Dean van Zyl

Mnr Wonnie: Devin da Silva
Eerste Prins: Phello Motloung
Tweede Prins: Zander Rosslee
Mnr Young and Upcoming: Frikkie van Jaarsveld
Mnr Fotogenies: Heinrich Martignone
Mnr Persoonlikheid: Zander Rosslee
Wonnie Gunsteling: Devin da Silva



**8. GRAAD 9: DAT-AANLEGTOETSE**

Die Graad 9-leerders skryf aanlegtoetse op 23 Mei (Graad 9/1-9/3) en 24 Mei (Graad 9/4-9/7). Dié toetse is ongelooflik belangrik vir die leerdes se vakkeuses. Die kostes vir die toetse is R200.00 per persoon en moet asseblief voor of op 20 Mei betaal word. Betalings geskied in voogklasse. Die kostes verbonde aan sulke aanlegtoetse by 'n ander instansie soos 'n Univesiteit ens. beloop aansienklik meer en daarom doen ons 'n beroep op u as ouers om gebruik te maak van dié geleentheid as hulpbron in die keuses van vakke vir u kind se toekoms.




**9. ATLETIEKKLUB**



Die Wonnies het ook nou hul eie Atletiekklub. Daar gaan ook vanaf 17-22 Junie 'n oefenkamp wees, ter voorbereiding vir die landloop en voorseisoen van die atletiek. Alle sportsoorte is egter welkom. Die kostes beloop R1475.00 per persoon, waarvan 'n deposito van R200.00 onmiddellik betaalbaar is. Daarna kan afbetaling oor vier maande plaasvind. Kontak gerus me Jerona Kruger by 0824542763 vir meer inligting.

M LEZAR
SKOOLHOOF